




Breuke les 3

Graad 3

Breuke - Les 3



Vandag gaan ons kyk hoe werk ons 'n breuk van 'n groep voorwerpe uit.

Vir hierdie les het jy die volgende nodig:

- 15 tellers, bv. Lego-blokkies, boontjies, vuurhoutjies of albasters
- 'n paar leë bladsye waarop jy kan teken (herwin deur agterop ou bladsye te teken)

of

- Ekstra Legoblokkies om reghoeke mee te bou (dit is in plaas van die bladsye)



Som 1: Jy het 8 tellers en jy wil $\frac{1}{2}$ daarvan vir Mamma gee. Hoeveel gaan sy kry?





Dis baie maklik, maar as die getalle groter raak, is dit nie meer so maklik nie! Kom ons doen dit nou prakties sodat jy mooi verstaan wat jy doen.

Doen die volgende:

- Sit 8 van jou tellers voor jou op die tafel neer.
- Trek 'n groot reghoek op 'n bladsy (of bou vir jou 'n groot reghoek met jou Lego-blokkies.)
- Omdat jy met halwes werk, deel jy die reghoek nou in 2 ewe groot dele.
- Skryf $\frac{1}{2}$ onder elke blok.
- Deel nou jou 8 tellers gelykop in die 2 blokke. Lyk joune ook so?

$$\frac{1}{2} \text{ van } 8 = 4$$




Mamma gaan 4 van
jou tellers kry.
Nou weet ons
 $\frac{1}{2}$ van 8 = 4

Som 2: Pak nou 12 tellers voor jou uit. Jy wil $\frac{1}{4}$ van die tellers vir Mamma gee. Hoeveel gaan sy kry?




- Omdat ons met **kwarte** werk, verdeel ons nou dieselfde reghoek in **4 dele**. Skryf $\frac{1}{4}$ onder elke blok.
- Verdeel jou 12 tellers in die 4 dele.



$\frac{1}{4}$

$\frac{1}{4}$

- Daar is tellers in elke deel.
- Mamma kry dus **3 tellers**.
- Nou weet ons: **$\frac{1}{4}$ van 12 = 3**




Vir hierdie som het jy **15** tellers nodig.

Jy gaan $\frac{1}{5}$ van die tellers wegvat en in jou hand hou. Hoeveel gaan jy in jou hand hou?



- Teken (of bou) weer 'n reghoek. Jy gaan jou reghoek in gelyke dele verdeel, want jy werk met
- Skryf onder elke blok.
- Verdeel jou **15 tellers gelykop** in elke deel. Daar is tellers in elke deel.



$\frac{1}{5}$

$\frac{1}{5}$

- Daarom sê ons: $\frac{1}{5}$ van 15 = 3

- Kan jy vir my sê hoeveel sal $\frac{2}{5}$ van 15 wees? Ja, dit is

$$\frac{1}{5} \text{ van } 15 = 3$$

Goed gedaan!

Ek wonder of jy al op jou eie gesien het wat jy moet doen om die antwoord te kry?

• Nog nie? Kyk hierna:

• $\frac{1}{2}$ van 8 = 4 (Ons deel die 8 tellers deur die 2 dele = 4)

•  (8 ÷ 2 = 4)

• $\frac{1}{4}$ van 12 = 3 (Ons deel die 12 tellers deur die 4 dele = 3)

•  (12 ÷ 4 = 3)

Ons gaan met volgende keer se les verder....